

30 Desember

Skrifgedeelte: Judas vs 1, 2, 17-25  
Fokusgedeelte: Judas vs 18

### Staan vas en help dié wat twyfel

Judas identifiseer homself as *dienaar* (gekoopte slaaf) van Christus en broer van Jakobus (vs 1). Daar word algemeen aanvaar dat Judas en Jakobus (skrywer van die *Jakobusbrief* en leier in die gemeente van Jerusalem) halfbroers van Jesus was. Seuns van Maria en kinders van ons Vader.

Die brief van Judas en 2 Petrus 2 kom grootliks ooreen en handel oor valse leraars (wolwe in skaapsklere) wat die kerk van Christus binnedring (vs 4). Hierdie valse (ongelowige) leraars se doel is om die gelowiges tot twyfel te bring oor die *egtheid* en *krag* van Christus. Ons sal vandag sê: *Daar is niks nuuts onder die son nie*, want hierdie ou-ou aanslag op Christene is vandag opnuut springlewendig (bv. in die *Nuwe Hervorming*). Vandag is daar talle sogenaamde selfverklaarde “Christen-leraars” wat ontken dat Christus, ewige Seun van God, as mens gebore is. Hulle ontken ook sy soendood, opstanding, hemelvaart en ewige heerskappy.

Hierdie valse leraars het die gelowiges ook probeer verlei na 'n perverse, sondige morele lewe. Hulle het ook die spot gedryf met die Woord en engele van God. Hulle was sonder die Heilige Gees. Hulle is rebelle teen God en sy Woord. Sommige gelowiges is meegesleur en het op die rand van die ewige dood (*ewige vuur*, vs 23) beland.

Wat doen gelowiges in hulle stryd teen hulle eie vlees en die bose in kerk en wêreld?

- eet: Ons is kinders van die Vader en word deur Christus bewaar (vs 1). W
- ou vas aan die gesag en waarheid van die Bybel (vs 17). H
- nthou, verleiers is altyd daar, maar weerstaan hulle deur die Gees (vs 18, 19). O
- elp mekaar om vas te staan (vs 22, 23). As dit moet, tree daadkragtig op. Tug. H
- oof en dank God elke dag! L

Sing: Skrifberyming 15-3:1, 3, 5

Dr. NP Heystek (Emeritus)